**NASIENRIGLYNE**

| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | JUNIE 2024 |
| **VAK** | LANDBOU BESTUURSPRAKTYKE |
| **VRAESTEL** | 1 |
| **PUNTE TOTAAL** | 200 |
| **TYD (UUR)** | 3 |
| **AANTAL BLADSYE** | 11 |

SACAI

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

# AFDELING A

## VRAAG 1

### 1.1 Meervoudige keuse vrae:

1.1.1 C✓✓
1.1.2 B✓✓
1.1.3 D✓✓
1.1.4 A✓✓
1.1.5 A✓✓
1.1.6 D✓✓
1.1.7 A✓✓
1.1.8 D✓✓
1.1.9 B✓✓
1.1.10 B✓✓

(10 × 2) **(20)**

1.2.1 F✓✓
1.2.2 I✓✓
1.2.3 L✓✓
1.2.4 J✓✓
1.2.5 A✓✓
1.2.6 K✓✓
1.2.7 B✓✓
1.2.8 E✓✓
1.2.9 G✓✓
1.2.10 C✓✓

(10 × 2) **(20)**

### 1.3 Landboukundige terme:

1.3.1 Presisieboerdery✓
1.3.2 Meganisasie ✓
1.3.3 Gronderosie✓
1.3.4 Brondokumente✓
1.3.5 Entrepreneur ✓
1.3.6 Kontrole✓
1.3.7 Veiling✓
1.3.8 Organogram✓
1.3.9 Omset ✓
1.3.10 Uitvoermark/Uitvoere✓

(10 × 1) **(10)**

**[50]**

## AFDELING B

### VRAAG 2: FISIESE EN FINANSIËLE BEPLANNING

2.1 **Grond Produktiwiteit:**

2.1.1 **TWEE redes vir evaluering van grondproduktiwiteit:**
- Bepaal die geskiktheid van die grond vir 'n spesifieke gewas. ✓
- Moontlike opbrengs vir gewasproduksie ✓ (2)

2.1.2 **VYF produksie aspekte:**
- Tipe besproeiïng ✓
- Grondbewerking ✓
- Bemesting en bekalking ✓
- Tipe gewas ✓
- Besproeiïngskedulering ✓
- Wisselbou ✓
- Wisselweiding ✓
- Tipe dier ✓ (Enige 5) (5)

2.1.3 **VIER faktore wat grondtemperatuur beïnvloed:**
- Kleur van die grond. ✓
- Helling. ✓
- Soortlike warmte van gronde. ✓
- Verdamping. ✓
- Lengte van die dag. ✓
- Plantbedekking. ✓
- Gronddiepte. ✓
- Grondtekstuur ✓
- Grondwater ✓ (Enige 4) (4)

2.2 2.2.1 **Gesondheid en welstand van plaaswerkers**

**VYF negatiewe effekte van ongesondheid op produktiwiteit:**
- Afwesigheid van werk ✓
- Verlies aan produktiewe tyd gedurende mediese behandeling✓
- Werksoorlading van gesonde werkers✓
- Verlies aan ondervinding✓
- Verhoogde mediese koste vir die boerdery✓
- Laer winsmarge✓ (Enige 5) (5)

© SACAI KOPIEREG

2.2.2 **Werkloosheidsversekeringswet, 2001 (Wet 63 van 2001)**

- Maak voorsiening vir sekuriteit van plaaswerkers. ✓
- Sodra hulle werkloos raak as gevolg van siekte, swangerskap, ontslag en vermindering word WVF uitbetaal. ✓ (2)

2.3 **<u>Grootskaalse saaiboerdery</u>**

2.3.1 **Intensiewe boerderysisteem:**
Presisieboerdery ✓ (1)

2.3.2 **VIER tegnologiese hulpmiddels:**

- Globale posisioneringstelsel (GPS) ✓
- Geografiese inligtingstelsel (GIS) ✓
- Afstandbeheerde opvang van data ✓
- Data aflaai na rekenaar prosesseerder ✓ (4)

2.3.3 **Ekonomiese benadering:**

- Verhoging van uitsette. ✓
- Vermindering van insette. ✓
- Verhoging van doeltreffendheid. ✓
- Laer koste van stikstofbemesting deur doeltreffende toediening.✓ (4)

2.4 **<u>Plaasbegroting:</u>**

2.4.1 **Bereken (a) – (f)**

a. R202, 50 ✓
b. R193,60 ✓
c. R 6 870,00 ✓
d. R10 400,00✓
e. R32 366,10 ✓
f. R72 347,00 ✓ (6)

2.4.2 **Wins of verlies. Motiveer:**
Wins/verlies = Totale verwagte inkomste – totale verwagte uitgawe
R72 347 ✓ – 32 366,10 ✓
= R39 980,90 ✓
Die boer toon 'n wins ✓ (4)

2.4.3 **Die doel van 'n begroting:**

- Die doel van die begrotings is om te help om werk doeltreffend te beplan, ✓
- om hulpbronne toe te deel, ✓

- en te help om hulpbronbenutting te beheer en te moniteer. ✓ (3)

2.5 **<u>Veldtipes</u>**

2.5.1 **Voedingswaarde en bestuur van soet- en suurveld:**

**Soetveld:**

- Voedingswaarde bly dieselfde regdeur die jaar. ✓
- Indien veld reg bestuur word kan diere regdeur die jaar op weiding gehou word sonder aanvullende voiding. ✓
- Langer weidingstydperke aangesien die veld voedingswaarde behou. ✓
- Min of geen aanvulling gedurende die winter. ✓ (Enige 3) (3)

**Suurveld:**

- Voedingswaarde is hoog gedurende die lente en somer. ✓
- Voedingswaarde gedurende wintermaande is baie lag. ✓
- Bestuur sluit in aanvullende voeding gedurende die winter. ✓
- Korter weidingstydperke aangesien ouer grasse verteerbaarheid verloor. ✓
- Voorsien byvoeding en lekke gedurende die winter. ✓ (Enige 3) (3)

2.6 **Die term '*Arbeidsproduktiwiteit*'.**

- Arbeidsproduktiwiteit is die hoeveelheid werk wat gedoen word.✓
- relatief tot die bedrag wat aan lone en salarisse bestee word. ✓
- Om die werkmag se produktiwiteit te verhoog, moet die bestuurder personeel ontwikkel, goeie verhoudinge behou en konflik oplos. ✓
- Die erkenning van werkers se vaardighede is ook belangrik. ✓

(4)

**[50]**

## VRAAG 3: ENTREPENEURSKAP, REKORDHOUDING, BEMARKING, BESIGHEIDSBEPLANNING EN GEORGANISEERDE LANDBOU

3.1 **Boerderyrekords**

3.1.1 **VIER vereistes van goeie boerderyrekords :**

- Rekordering moet akkuraat/geloofwaardig wees ✓
- Inligting (data) moet maklik verkry/opgeroep word ✓
- Die rekords moet verbruikersvriendelik wees ✓
- Rekords moet op datum wees✓ (4)

3.1.2 **DRIE stappe met die opstel van 'n inventaris:**

- Stap 1: Doen 'n fisiese telling van alle eiendomme in die boerdery✓
- Stap 2: Evalueer die eiendom en bepaal die huidige markwaarde ✓
- Stap 3: Stel 'n sluitingsinventaris op aan die einde van die jaar. ✓

**(Volgorde is belangrik)** (3)

3.1.3 **VIER data-items in 'n brondokument:**

- Aantal produk ✓
- Datum van die transaksie ✓
- Beskrywing van die artikel aangekoop ✓
- Totale bedrag van verkope ✓
- Besigheid se naam ✓
- Betalingsmetode ✓
- Koper of verkoper se inligting ✓ (4)

3.2 **Inkomstestaat**

3.2.1 **INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2024**

| INKOMSTE | WAARDE (R) | UITGAWES | WAARDE (R) |
|---|---|---|---|
| Wortelverkope | R49 450 | Grondvoorbereiding | R35 000 |
| Tamatieverkope | R55 400 | Oes | R19 400 |
| Spinasieverkope | R44 670 | Saad | R7 500 |
| | | Kunsmis | R18 550 |
| | | Onkruidbeheer | R23 560 |
| | | Herstelwerke | R23 450 |
| | | Verpakking | R12 350 |
| | | Bemarking | R7 500 |
| | | Los arbeid | R13 500 |
| | | | |
| **TOTAAL:** | **R149 520** | **TOTAAL:** | **R160 810** |

- Getalle korrek oorgeskryf by inkomste ✓✓
- Getalle korrek oorgeskryf by uitgawes ✓✓
- Korrekte totaal by inkomste ✓
- Korrekte total by uitgawes ✓ (6)

3.2.2 **Wins of verlies:**
Wins/Verlies = Inkomste – Uitgawe
= R149 520 – R160 810 ✓
= -R11 290 ✓
Groot verlies ✓ (3)

3.3 <u>**Entrepreneurskap**</u>

3.3.1 **SES bepalende faktore van 'n lewensvatbaarheidstudie:**

- Daar moet kliënte wees wat bereid is om te betaal vir jou produk of diens. ✓
- Voor jy tyd en geld in jou onderneming belê moet jy uitvind of daar mense is wie jou produk of diens sal koop en dat hulle jou prys daarvoor sal betaal. ✓
- Jy sal marknavorsing moet doen om hierdie antwoorde te vind. ✓
- As jou produk of diens lewensvatbaar is, is daar 'n sterk moontlikheid dat jou onderneming 'n sukses sal wees. ✓
- Hoe meer jy van jou kliënt weet, hoe makliker is dit om produkte en dienste te identifiseer waaraan hulle geld sal bestee. ✓
- Jy sal ook dan 'n beter begrip hê hoe om hulle te benader, wanneer jy jou diens of produk aan hulle wil verkoop. ✓ (6)

3.3.2 **VIER karaktereienskappe van 'n entrepreneur:**

- Kan self-begin en het nie iemand nodig om hom/haar aan te moedig nie/kreatiwiteit/innovering. ✓
- Kom goed klaar met die meeste mense. ✓
- Is dikwels 'n leier. ✓
- Kan verantwoordelikhede dra. ✓
- Kan goed organiseer. ✓
- Werk hard. ✓
- Kan besluite neem. ✓
- Is betroubaar. ✓
- Bly by iets wat begin is totdat dit afgehandel of klaar is – deursettingsvermoë. ✓
- Is energiek. ✓ (Enige 4) (4)

3.4 **Die verskil tussen 'n kontantvloeistaat en 'n inkomstestaat:**
Kontantvloei is die beweging van fondse deur die besigheid✓ gedurende 'n spesifieke periode en word verteenwoordig deur kwitansies van betalings. ✓Inkomstestaat is die rekord van finansiële transaksies ✓en die daaropvolgende wins/verlies van die plaas. ✓ (4)

3.5 **Inkomste en uitgawewaardes**

3.5.1 **Dui ekwivalente maand aan:**
Gelykwaarde was in April. ✓ (1)

3.5.2 **VIER redes vir 'n skielike daling in prys:**
- Die boer het nie baie diere of diereprodukte om te verkoop nie so baie inkomste was minder. ✓
- Die aanvraag na 'n spesifieke veeproduk was laer en daarom was daar minder om te verkoop. ✓
- Daar was 'n oorvoorsiening op die mark en die pryse het skielik gedaal. ✓
- 'n Skielike verlies aan diere (siektes/natuurlike rampe/ diefstal) en daar was dus minder om te verkoop. ✓
- Verbod op uitvoere✓ (Enige 4) (4)

3.5.3 **Inkomste:**
R220 450 + R175 250 + R65 000 = R55 500 + R48 567 +
R49 900 + R55 790 + R66 670 + R110 400 + R155 500 +
R230 460 + R280 500 = **R1 513 987** ✓✓
**Uitgawes:**
R76 490 + R78 000 + R34 000 + R55 500 + R67 000 +
R91 200 + R110 000 + R104 300 + R88 900 + R75 350 + R87 900 +
R66 000 = **R934 640** ✓✓
**Bepaal wins/verlies:**
Boer het 'n wins gemaak ✓ van **R579 347** ✓ (6)

3.5.4 **VYF tipes rekords vir veeboere:**
- Finansiële rekords ✓
- Arbeidsrekords ✓
- Voerrekord ✓
- Veerekords ✓
- Produksierekords ✓
- Medisyne rekords ✓
- Stamboek/aanteëlrekords ✓ (Enige 5) (5)

**[50]**

**VRAAG 4: OES, PROSESSERING, BESTUUR EN AGRI-TOERISME**

4.1 **<u>Vrugte verpakkingsmateriaal</u>**

4.1.1 **Redes vir 'n geskikte verpakking vir subtropiese vrugte:**

- Dit is 'n sterk en stewige verpakking ✓
- Vrugte word in 'n enkellaag verpak ✓
- Vrugte kan nie maklik kneus nie ✓ (3)

4.1.2 **VIER nadele van verpakkingsmateriaal (kartondoos)**

- Dit kan glad nie nat word nie. ✓
- Dit moet goed toegemaak of bedek wees tydens vervoer.✓
- Dit is 'n duur manier van verpakking. ✓
- Dit kan maklik beskadig word deur skerp voorwerpe. ✓ (4)

4.1.3 **TWEE manière om kneusing te voorkom:**

Houtwol/houtskaafsels ✓
Snye papier tussen-in ✓ (2)

4.2 **<u>Klimaatsverandering</u>** (4)

4.2.1 **DRIE tipes natuurrampe as gevolg van klimaatsverandering:**

- Oorstromings✓
- Storms en tornado's ✓
- Droogtes✓
- Stormsterk winde✓
- Ys wat smelt in die Noord en Suidpole✓
- Baie hoë en baie laë temperature✓
- Veldbrande✓ (Enige 3) (3)

4.2.3 **DRIE moontlike strategieë teen natuurrampe:**

- Bou van strukture om oorstromings te keer. ✓
- Waterbronne beskikbaar te hê teen droogtes. ✓
- Gebruik te maak van kontoerwalle teen oormatige reën. ✓
- Diere te beskerm teen moontlike vloede. ✓
- Skuilings vir diere te bou teen uitermatige temperature. ✓ (Enige 3) (3)

4.3 **Agritoerisme**

4.3.1 **Beskrywing van die konsep "Agritoerisme"**

Agritoerisme is 'n geleentheid wat deur 'n boer benut word ✓ om die toerismebedryf maksimaal binne die landbousektor te ontwikkel. ✓ (2)

4.3.2 **VIER voordele van Agritoerisme aan opkomende boere:**

- Dit verhoog die potensiaal vir groter winste ✓
- Diversifiseer die produklyn van die boerdery ✓
- Inkomste word verkry deur 'n variëteit van diensinisiatiewe ✓
- Veroorsaak 'n toename in plaasverkope van waardetoegevoegde produkte en dienste ✓
- Verhoog die inkomste van die plaas ✓ (Enige 4) (4)

4.3.2 **VIER vereistes van Agritoerisme voor proses kan begin:**

- Bemarkingskundigheid. ✓
- Hoe om diensgeoriënteerd te wees. ✓
- Kennis oor entrepreneurskap en sake-ontwikkeling. ✓
- Die opstel van uitvoerbaarheidstudies en sakeplanne. ✓
- Finansiële bestuur en beplanning. ✓
- Kundigheid oor kontantvloeibeplanning en begrotings-beheer. ✓
- Kommunikasievaardighede. ✓
- Versekeringsimplikasies. ✓ (Enige 4) (4)

4.4 **Plaasevaluasie**

4.4.1 **VIER faktore wat tot mislukking lei op die plaas:**

- Tekort aan finansiële insig en vaardige finansiële bestuur. ✓
- Gebrek aan kennis van beplanning. ✓
- Gebrek aan instandhouding van implemente. ✓
- Gebrek aan bestuur. ✓
- Swak kliëntediens. ✓
- Gebrek aan menslike verhoudinge. ✓ (Enige 4) (4)

4.4.2 **VIER negatiewe aspekte rondom plaasbestuurder:**

- Plaasbestuurder is kortaf en onbeskof. ✓
- Behandel die plaaswerkers sleg. ✓
- Het min dissipline in die werksplek. ✓
- Laat vir geskeduleerde onderhoud. ✓
- Swak bestuur ✓ (Enige 4) (4)

4.4.3 **DRIE moontlike aanbevelings om die probleem op te los:**

- Stel ‘n nuwe bestuurder aan. ✓
- Sorg dat die kliëntediens in plek kom. ✓
- Finansiële probleme moet aangespreek word. ✓
- Implemente moet die korrekte aandag kry. ✓
- Bestuur van plaaswerkers moet aangespreek word. ✓ (3)
- Dissipline op die plaas moet herstel word. ✓ (Enige 3)

4.5 **Koöperatiewe bemarking**

4.5.1 **Beskrywing van die poelstelsel:**

- Produkte van verskillende boere word saamgepoel/ saamgegooi ✓
- Produkte word saam behandel/gehanteer as enkel massa✓
- Produkte word as ‘n eenheid gestoor/verkoop as n enkel eenheid ✓

(3)

4.5.2 **VIER voordele van koöperatiewe bemarking:**

- Boere hoef nie hul eie stoor of verpakkingsaanlegte te bou nie. ✓
- Produseerders ontvang die gemiddelde prys van al die verkope gedurende ‘n spesifieke jaar. ✓
- Produseerders ontvang ‘n gewaarborgde prys wat vir hulle finansiële sekuriteit gee. ✓
- Verseker ordelike en effektiewe bemarking. ✓
- Vereenvoudig bestuur en boekhouding. ✓ (Enige 4) (4)

4.6 **Stappe van die bestuursbeheerproses**:

- Ontwikkel standaarde en norms vir beheer ✓
- Meet werklike prestasies ✓
- Meet en evalueer afwyking ✓

(3)

**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: [150]**

**GROOTTOTAAL: [200]**